22 Desember Genesis 18:1-15; (Teks: 18:13)

Reaksie op 'n Godsbelofte (1) - 'n Lag

Kom ons kyk 'n keer eerlik na ons reaksie op God se wonderbeloftes, aan die hand van twee Bybelse ouerpare. Vandag: Abraham en Sara en môre: Josef en Maria.

Beide pare was adventsmense (advent - naderende koms). Dis mense wat met die naderende vervulling van 'n belofte geleef het. Aan beide het God vooruit laat weet dat hulle 'n kind sou hê. Vir beide sou dit 'n wonder van God wees - Abraham en Sara was al te oud; Josef en Maria het nie geslagsgemeenskap gehad nie (Matt 1:25).

Abraham (Gen. 17:17) én Sara (18:12) het gelag toe hulle hierdie boodskap hoor. En die Here wou weet: Waarom lag julle?

Was dit van ontroering - dat God sy belofte van 'n groot nasie só wonderlik gaan vervul? Was dit 'n ongelowige grinnik - so iets is tog totaal onmoontlik, of hoe?

Was dit 'n verleentheidslaggie - omdat Sara in haar ongeloof betrap is? (vers 15).

Ons is ook adventsmense: Ons leef met die belofte van Jesus se tweede koms op die wolke. Ons vier sy eerste koms, Kersfees, maar wat van sy tweede koms? Hy het ons dit ook lank vooruit gesê!

Ontlok dit diep vreugde by jou: God gaan tóg doen wat Hy al so lank beloof het? Of is daar 'n siniese plukkie aan jou mondhoeke: Regtig? Hoe gaan Hy kom dat elke oog Hom sien? Is dit nie maar 'n sprokie nie? Of staan jy dalk effe verleë met hierdie belofte van God, betrap in onverskilligheid? God vra jou dit juis nou!

Sing: Skrifberyming 4:1,3,7 Ds. J. Botha (Laeveld)